Laerskool Voorpos

# Vorienuus

"Blom in God se Koninkryk"

9 Februarie 2026 Uitgawe #04



## Uit die hoof se kantoor

'n Besige week is verby en die vooruitsig vir die res van die kwartaal gaan op dieselfde trant voortgaan.
Dit is Maandag ons Clusterbyeenkoms en daarna begin die wintersport voorbereidingsprogramme en proewe.
Met die toetsreeks wat ook op hande is, gaan dit nou van elkeen van ons afhang om hierdie intens besige program korrek te bestuur en te koördineer.
Elke ouer se ondersteuning is broodnodig.
Die toere is reeds verlede jaar met elke rolspeler (ouers) gekommunikeer en dit is vir my teleurstellend as ek hoor dat daar leerders is wat nie die toere gaan meemaak nie.
Hierdie toere is juis hierdie jaar so gereël dat dit reeds voor en aan die begin van die Aprilvakansie reeds voltooi is.
Elke speler in betrokke spanne wat aangedui het dat hulle nie gaan toer of aan toernooie gaan deelneem nie, se ouers gaan in die komende week gekontak word om te hoor wat die probleem is en hoe ons dit kan uitsorteer.
Toere/ vriendskaplike toernooie is die perfekte geleentheid om saam met die vriendskaplike geleenthede voor die vakansie spanne te finaliseer vir die ligas wat voorlê.
Ons multifunksionele baan is nou geopen.
Daar is wel nog werksaamhede wat in die volgende twee weke voltooi moet word, maar besprekings kan nou eers net deur die onderwysers by Juf Carli Hopkins gedoen word.
Daar is nog werk wat voltooi moet word aan die aksie krieketgedeelte.
Ons sal ons kommunikasiekanale gebruik om u in te lig wanneer besprekings vir die baan in aanvang neem!
Help u kind om kop te hou in die volgende paar weke.
Sterkte vir die week!
Mnr Gerhard Engelbrecht



## Vers vir die Week

Jesaja 61:11
"Soos die grond plante laat uitspruit, soos die plante in 'n tuin vrugte gee, so gee die Here my God die oorwinning en laat Hy al die nasies luister na die loflied tot Sy eer."

## Vorienuus: Inhoud

Die Vorienuus kom een keer per week uit. Gebeure van die Vrydag tot die volgende Donderdag sal in die uitgawe, wat op 'n Maandag uitkom, verskyn. Dit behels:

- Akademie
- Sport
- Kultuur
- Geleenthede

## Buite skoolverband prestasies

Gebruik die "Powerpoint" templaat wat op die groepe gestuur is en stuur dit op die laatste Donderdae aan Nicolene Meijers by lvp@laerskool-voorpos.co.za

# Gr. 4: Studiekursus

<u>Graad 4: Studeer sonder sukkel</u>

Ons Graad 4-leerders het op Donderdag, 29 Januarie, aan die studiekursus deelgeneem "Studeer sonder sukkel". Hulle het met baie entoesiasme geleer hoe om opsommings te maak, slimmer te studeer, hulle tyd beter te bestuur en toetse met groter selfvertroue aan te pak.

Dit was wonderlik om te sien hoe gemotiveerd en positief die leerders is. Ons sien daarna uit om hierdie vaardighede verder saam met hulle te ontwikkel!









# Multifunksionelebaan

<u>Multifunksionelebaan Kleuterskole Pretdag, Woensdag, 4 Februarie</u>

Vorie Vlam, blink gesiggies, helder ogies en entoesiastiese onderwysers het vir groot pret op ons splinternuwe multi-funksionelebaan gesorg.

Die kleuters het hulself gate uit geniet tydens die aktiwiteite wat vir hulle uitgepak was. Hulle het aan netbal, krieket, hokkie, hoepelspronge, balanseerbalke en tennis op ons nuwe baan deelgeneem.

Ons vertrou dat ons julle weer Vrydag, 17 April by ons Opedag gaan sien.















<u>Atletiekbyeenkoms: Laerskool Pretoria-Oos</u>

Donderdag, 5 Februarie 2025, het ons atlete aan 'n atletiekbyeenkoms by Laerskool Pretoria-Oos deelgeneem. Dit was ons laaste vriendskaplike byeenkoms vir die seisoen en die dag was gevul met opwinding, deursettingsvermoë en uitstekende prestasies.

Elke atleet het sy of haar beste gegee, met talle persoonlike beste tye en afstande wat behaal is. Ons atlete het werklik uitgestaan en hul harde werk en toewyding is beloon.

Voorpos het algeheel tweede geëindig en ons is ongelooflik trots op elke atleet wat met trots en sportmanskap deelgeneem het.

Ons sien nou baie uit na die komende sub-distrikbyeenkoms en wens al ons atlete sterkte toe vir die volgende fase van die seisoen. Hou so aan, ons is trots op julle!







# Tennis

Ons eerste ligawedstryde is agter die rug en die spelers is fluks aan die oefen saam met Laetitia Lourens, ons bekwame afrigter, wat Donderdag saam die spanne op die nuwe multifunksionele baan geoefen het.

Die spelers is baie opgewonde en hierdie seisoen beloof om tennis na hoër hoogtes te neem.








# Datums vir die Week

| | AKADEMIE | KULTUUR | SPORT | ANDER |
|---|---|---|---|---|
| MAANDAG<br>9 Februarie | Rooster B<br>07:00 IS-fase intervensieklas: Afrikaans | 14:00 Jnr Koor: Oefening<br>15:00 Sr Koor: Oefening<br>Voortrekkers | Atletiek: Cluster @ Rietondale High<br>14:15 Tennis: Liga<br>14:30 Skaak: Oefening<br>16:30 Rugby: Oefening (Kondisionering) | Valentynsdag Verkope |
| DINSDAG<br>10 Februarie | 07:00 IS-fase intervensieklas: Engels | 17:00 Revuegroep: Oefening | 14:15 Rugby: O/9 - O/13 Oefening<br>14:15 Netbal: o/10 - O/13 Oefening<br>15:00 Atletiek: Oefening (Distrikatlete en Top 20)<br>Mini-netbal begin | Valentynsdag Verkope |
| WOENSDAG<br>11 Februarie | | 14:00 Jnr Koor: Oefening<br>15:00 Sr Koor: Oefening | 13:00 Rugby: O/9 Oefening<br>14:15 Netbal: Oefening<br>14:30 Skaak: Oefening<br>15:00 Rugby: Proewe<br>18:00 Netbal en Rugby: Ouerinligtingsvergadering | Valentynsdag Verkope |
| DONDERDAG<br>12 Februarie | 07:00 IS-fase intervensieklas: Wiskunde | | 07:30 Big Brag (Atletiek)<br>14:15 Atletiek: Oefening<br>14:15 Netbal: Oefening<br>15:00 Rugby: Proewe | Valentynsdag Verkope |
| VRYDAG<br>13 Februarie | | 13:30 Boekklub (Gr 1 - 7) | 13:30 Krieket: Kliniek | Valentynsdag Verkope |
| SATERDAG<br>14 Februarie | | | Atletiek: Top 20 (H/s Noordheuwel)<br>08:00 Blou trui Opleidingsessie (L/s Stephanus Roos) | VALENTYNSDAG |
| SONDAG<br>15 Februarie | | | | |
| MAANDAG<br>16 Februarie | Rooster A<br>07:00 IS-fase intervensieklas: Afrikaans | Voortrekkers<br>GEEN Buitemuurs a.g.v. Vakvergaderings vir personeel | 14:00 Tennis: Liga<br>GEEN Buitemuurs a.g.v. Vakvergaderings vir personeel | |


lvp@laerskool-voorpos.co.za
(012) 332 - 2534


VERKOPE VAN
GESKENKIES
Hartjie my liefiedag
Valentynsdag
MAANDAG, 9 FEBRUARIE TOT
VRYDAG, 13 FEBRUARIE
(TERWYL VOORRAAD HOU)

# KLAVIERLESSE

## IN WAVERLEY

- BEGINNERS
- EISTEDFODDS
- UNISA-EKSAMENS



**KONTAK 073 779 2621**

# ADVERTENSIE




Ekstra lesse in
Afrikaans en Engels
VIR LAERSKOOL LEERLINGE
THRIVING
MINDS
*Fokus op Caps Leerplan
*Hulp met klaswerk en toetse
*Bou selfvertroue en punte!
Sallie
Wagner
083 495 8534
Onder leiding van Sallie Wagner,
'n afgetrede onderwyseres
met 'n warm hart
en 'n wêreld vol van ervaring

# ADVERTENSIE

**GONS MET KENNIS**
**TUTORONDERRIG**

Registreer nou vir 2026

Kwaliteit, privaat tutoronderrig deur 'n gekwalifiseerde onderwyser.
Tutoring beskikbaar in Afrikaans en Engels.

AANLYN & IN-PERSOON | WAVERLEY

**Laerskoolvakke:**

Wiskunde (Graad 1 – 5)
Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Sosiale Wetenskappe
Natuurwetenskappe

**Bykomende ondersteuning (Alle Grade):**

Lees-, spel- en skryfvaardighede
Studiemetodes en eksamenvoorbereiding
Kreatiewe kunsklasse om selfvertroue en uitdrukking te bevorder

**BUZZINGWITHKNOWLEDGE@GMAIL.COM**

# ADVERTENSIE



SOOS GEHOOR OP
JACARANDA FM

A+ STUDENTS
Abacus Maths

## A+STUDENTS KURSUSSE :

- MINI Genie: vanaf 3 jaar oud
- Kinder Genie: vanaf 5 jaar oud
- JONG Genie: vanaf 8 jaar oud
- JUNIOR Genie: Gr.4-12 (beskikbaar by uitge-soekte takke)

## KURSUSSE SLUIT IN :

- Abakus en Anzan (visualisering van die Abakus)
- A+Speel Wiskunde
- Suiwer Wiskunde

EN SOVEEL MEER!

A+ IN WISKUNDE BEGIN HIER




**Rachelle**
**074 956 0796**
rachelledw@aplusstudents.co.za
WWW.APLUSSTUDENTS.CO.ZA

PAMASA
MEMBER OF PAMA GLOBAL ABACUS & MENTAL ARITHMETIC ASSOCIATION PAMA GLOBAL

FASA
THE FRANCHISE ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

A+Students Member of: The Franchise Association of South Africa. (FASA)

# Voorpos -Karate

## @ NG KERK WAVERLEY

**TUESDAY & THURSDAY**

**17:00 – 18:00**

**(All Students)**

INTERNATIONAL SHOTOKAN KARATE FEDERATION
SOUTH AFRICA


**WHY KARATE?**

**WILL IT BENEFIT MY DEVELOPMENT?**

**YES, DEFINITELY, KARATE WILL BENEFIT THE FOLLOWING:**

- ***Body Awareness,***
- ***Balance and Posture***
- ***Fitness***
- ***Develop Hand-Eye Co-ordination***
- ***Confidence***
- ***Space Awareness***
- ***Concentration***
- ***Midline Crossing***
- ***Commitment***

Karate training teaches you to move the two sides of your body symmetrically or totally independently and orientates you in space by moving left, back, forward etc.
This aids midline crossing, balance and position in space.
These concepts are extremely important in reading, writing and mathematics. Karate is the only sport, which in training, constantly crosses the left and right side of the brain.
Your brain receives constant stimulation through the midline crossing techniques unique to karate training.



**KARIEN JACOBSZ (8th DAN)**

Voorpos Karate School @ Waverley Church hall (c/o Trumper & Dickenson
-transport from Voorpos to Church can be provided if arranged)

Cell: 082 379 0579
E-mail: karien.jacobsz@gmail.com
Website: www.iskf-pretoria.co.za